# Almenkerk 2024

| ROETE: | Fun Walk Almenkerk | DATUM: | 27-01-2024 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

n Aansienlike groep van 24 stappers het 9-uur die Saterdag by Almenkerk wynlandgoed in die pragtige Elgin-vallei bymekaar gekom. Die gees was lughartig want net 8km se stap het voorgelê. Ook was daar die belofte van 'n paar oefeningstasies wat bedoel was om die "fun" in die fun walk te sit!  Hoewel daar twee verrassend steil bulte in die eerste gedeelte aangedurf moes word, het die plaas se pragtige uitsig oor die damme en die vallei, asook die veelkleurige rose by die appelboorde meer as genoeg vergoed vir sweet en inspanning. Die windstil hittedag het wel vir afkoel gevra - die waterkanon (vierde oefenstasie) het gesorg daarvoor asook vir heelwat lag en aksie. Min stappers was nie sopnat na'n waterstraal of twee hul getref het nie, maar die son het almal gou weer "afgedroog". Die ander stasies met aktiwiteite soos o.a. "tyre flips", balanseerbalk en sit-ups het gesorg dat meeste hul oefening inkry - dis by wyse van 'n trekking bepaal wie wat doen en skugter oefen-kandidate moes vermaak verskaf by wyse van rympies opsê en dies meer. Werner het 'n uitstekende illustrasie van leeu-bekruip gedoen en Steph het 'n bottel wyn per trekking ingepalm.Almal het iets uit die dag gekry en agterna is deur meeste by Almenkerk se lang tafels ontspan met iets te drinke. 8 prettige km is voltooi en 195m hoogte is verdien.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| 1. Freddie Pohl | 090 | R 5 | 8 | |
| 2. Susan Pohl | 091 | R 5 | 8 | |
| 3. Monje Pohl | - | R 10 | 8 | |
| 4. Brenda Sideratos | 071 | R 5 | 8 | |
| 5. Werner Booyens | 072 | R 5 | 8 | |
| 6. Amanda Matthee | 045 | R 5 | 8 | |
| 7. Gerna Hough | 131 | R 5 | 8 | |
| 8. Wynand Krause | 039 | R 5 | 8 | |
| 9. Madie Krause | 038 | R 5 | 8 | |
| 10. Michelle Krause | 142 | R 5 | 8 | |
| 11. Arie van Eck | 148 | R 5 | 8 | |
| 12. Arina van Eck | 147 | R 5 | 8 | |
| 13. Steph du Toit | 031 | R 5 | 8 | |
| 14. Mariana du Toit | 032 | R 5 | 8 | |
| 15. Dirk du Toit | 043 | R 5 | 8 | |
| 16. Reline du Toit | 042 | R 5 | 8 | |
| 17. Elmar van Dyk | 172 | R 5 | 8 | |
| 18. Susan Pienaar | 085 | R 5 | 8 | |
| 19. Danie Pienaar | 086 | R 5 | 8 | |
| 20. Alana van Rensburg | 075 | R 5 | 8 | |
| 21. Miranda Myburgh | 092 | R 5 | 8 | |
| 22. Kobus Terblanche | 041 | R 5 | 8 | |
| 23. Edna Terblanche | 040 | R 5 | 8 | |
| 24. Sinmarie Pieterse | 082 | R 5 | 8 | |
| | | | | |
| | TOTALE: | **R 125** | **192** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | |

| NAME OP WAGLYS | |
|---|---|
| | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Freddie Pohl |
|---|---|